



# Vir Dirk, Yvette, Erika en Hannes

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel. 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za  
© Teks: Leon de Villiers 2019  
© Illustrasies: David Griessel 2019

Geset in 13 pt op 15,5 pt Gill Sans Light  
Omslagontwerp deur Zinelda McDonald  
Grafiese uitleg deur Full Circle  
Gedruk en gebind deur Novus Print, 'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste druk 2019

ISBN 978 0 7993 8925 8

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.



# Die groot koelte



Leon de Villiers

illustrasies deur  
David Griessel

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)



# 1

## Ganse op die horison

Feliks trek sy kettie se rek styf en mik na die groot koeldrank-advertensiebord wat net-net bo die water uitsteek. Dit was altyd die hoogste punt van die hawestad, maar toe begin die water elke jaar hoër en hoër styg. Al die mense het later weggetrek. Net Feliks is agtergelaat.

Die ronde klippie spat teen die wit letters en laat nog 'n merkie.

“Kyk daar!” skreeu Leo skielik.

Gesteurd laat Feliks sy kettie sak. Hy kyk in die rigting waarin Leo wys. Al wat hy sien, is die eindelose see.

“Moenie weer met jou nonsens begin nie, Leo,” sê Feliks kwaai. “As dit weer 'n storie oor 'n vlieënde vlakvark is, knyp ek jou stert. Vlakvarke kan nie vlieg nie!”

Leo lag. “Nie daar nie, domkop. Doer! Doer op die horison.”

Feliks snuif ongelowig en verskuif sy groot hoed. Met skrefiesoë tuur hy in die verte. Ja, sowaar, daar klim twee bollende seile bo die horison uit. Kan dit sowaar twee seilskepe wees? Daar is nooit meer seilskepe op dié see nie.

“Is dit ganse?” vra Leo en tuur oor die water. “Ons het lanklaas gans geëet.”

“Dis nie ganse nie,” sê Feliks en druk sy kettie terug in sy verslete broeksak. “Dis skepe.”

“Ai, ons is so slim,” sê Leo sarkasties. “Ek is seker dit is ganse. Lekker vet, sappige ganse.”

“Ek het jou nog nooit ’n gans sien eet nie,” spot Feliks.

“Ganse is heerlik,” sê Leo en lek sy lippe. “Sjoe, hoe honger is ek nou.”

Feliks skud sy kop. Sy vriend is vol stories. “Dis beslis nie ganse nie. Dit is skepe.” Sy hart begin vinniger klop. “Dink jy die mense begin terugkom?” vra hy.

Leo klap na ’n skulp en dit rol oor die strand. “Ek hoop nie so nie. Ek wil eerder ganse as mense hê.”

Feliks gaan sit op sy hurke op die sand. Hy kyk stip oor die deinende see uit. “Miskien is dit iemand wat ons ken,” sê hy ingedagte.

“Die voorste gans lyk vir my die vetste,” sê Leo. “Ek kies haar!”

Feliks kreun geïrriteerd. “Dit is skepe. SKEPE. Jy kan soveel ganse kies soos jy wil. Dit bly skepe!”

“Nou goed dan,” sug Leo. “Jy kan maar die voorste een kry. Ek sal die tweede een vat. Sy lyk vir my buitendien lekkerder.”

“Die dag as jy ’n skip opeet, doen ek ’n reëndans. Net hier. Op die strand.”

Leo rek sy oë. “Sal jy regtig? Dit sal wonderlik wees.” Hy bly so ’n rukkie stil. “Wat is reën nou weer?”

Feliks sug diep. Hy moes al soveel keer verduidelik. “Reën is wanneer die wolke huil,” sê hy.

“Omdat hulle hartseer is?” vra Leo ernstig. “Soos jy in jou slaap?”

“Ek huil g’n in my slaap nie!” sê Feliks vererg. “Wolke huil van blydschap. Ek het jou al honderd keer gesê. Ek

weet nie hoekom vertel ek vir jou goed nie, want jy luister nooit.”

Leo gaan lê met sy kop op sy voorpote. “Ek wens die wolke wil weer bly word. Net een keer regtig bly word.” Hy kyk hoopvol op na Feliks. “Dalk sal hulle bly word as jy vir hulle ’n reëndans doen.”

Feliks sak terug op sy hurke. Hy skep ’n handvol sand en laat dit deur sy vingers val. “Dans is vir dwase. Dit kan nie regtig reën bring nie.”

Leo antwoord nie. Skielik grom hy sag en kyk na iets agter Feliks.

Feliks vlieg om. Ver weg oor die rotse kom ’n trop bobbejane aan.

“Skoert! Gaan weg!” skreeu Feliks en lig sy kettie dreigend. “Dit is my strand! Myne!”

Onseker gaan die bobbejane staan. Hulle het al ’n paar keer onder daardie kettie deurgeloop.

“Dis nie nodig om so aggressief te raak nie!” skel Bekkig, die tropleier. “Ons soek net seekossies.”

Feliks voel-voel na ’n ronde klippie in sy broeksak. “Gaan soek op ’n ander plek! Die see is groot. Hierdie strand is myne. Julle weet dit.”

“Maar die ou kleintjies is honger,” flikflooi een van die wyfies. Sy probeer ongemerk nader sluip.

Die klippie tref die sand voor haar. Sy deins verskrik terug en die kleintjie val byna van haar rug af.

Feliks lig sy kettie dreigend. “Gee pad!” skreeu hy waarskuwend.

Die bobbejane skel almal gelyk. Dis ’n vreeslike la-waai. Maar hulle gee tog al vloekende pad, terug na waar hulle vandaan gekom het.

“En bly weg!” skreeu Feliks agter hulle aan.

’n Seemeeu land digby Feliks op die strand. Sy draai haar kop skuins en loer na hom met haar kraalogies.

“Eendag is eendag, dan gaan hulle nie skrik nie,” kryns sy waarskuwend.

“Dis wat ek ook altyd vir hom sê, Pikkit,” sê Leo.

Feliks laat sy kettie stadig sak. Hy gluur na Leo en Pikkit.

“’n Mens moet ook alles alleen doen,” sê hy gebelgd.

“Wel, jy is die enigste mens hier, is jy nie?” kryns Pikkit astant.

“Wonderlike vriende wat julle is,” mompel Feliks en kyk na Leo wat die verte instaar, asof hy nie ’n benul het waarvan Feliks praat nie.

“Ons kry besoekers,” kryns Pikkit. Sy wys met haar snawel in die rigting van die naderende skepe.

Feliks knik opgewonde. “Ek het gesien. Twee skepe.”

“Ganse,” mompel Leo. “Lekker vet ganse.”

Feliks gee hom ’n skewe kyk.

“Dis nie wie jy dink dit is nie,” kryns Pikkit beterweterig.

Feliks kyk verleë af na sy kaal voete wat diep in die sagte sand weggedruk is.

“Dis moeilikheid. Dit is wat dit is,” kryns Pikkit. “Pure moeilikheid uit die verre Noorde. As ek jy is, vlug ek land-in.”

Leo lig sy kop bekommerd.

“Was jy naby hulle?” vra Feliks nuuskierig. “Het jy gesien wie dit is?”

“Natuurlik.” Pikkit skud haar vere. “Dis my viswaters hierdie. Ek moet weet wie ongenooïd hier rondvaar.”



“En?” vra Feliks en Leo gelyk.

“En dis GROOT moeilikheid. Dis die wit duiwels uit die Noorde. Maak julle skaars. Hulle is wreed en sonder genade en hulle vreet enige iets. Enige iets!” Sy ril en vee haar snawel oor die sand, asof sy iets slegs geproe het. “Ek het julle gewaarsku!” Sy vlieg op.

“Vlug!” krys sy net-net hoorbaar oor die bruisende branders heen.

“Ganse wat enige iets vreet?” Leo skud sy kop. “Al daai visskubbe tas die seemeeue se koppe aan.”

Feliks kyk bekommerd uit oor die see. Pikkit is 'n vreemde voël, maar sy het nog nooit vir hom gejoj nie. As sy sê daar kom moeilikheid, dan is dit so.

“Miskien moet ons ons eers vir 'n rukkie skaars hou,” sê Feliks. “Dinge mooi uitkyk. Dit kan nie skade doen nie.”

“Maar dis ons strand, en ek was so lus vir sappige gansvleis,” kla Leo.

Feliks kyk hom vies aan. “Ja, en as daar moeilikheid is, dan los jy my net so. Jy sal nie 'n poot lig om my te help nie. Nooit nie!”

Leo kyk vir 'n oomblik skuldig weg. Dan begin hy weer kla: “Maar as ons weg is, gaan die bobbejane ons strand oorneem.”

Feliks gooi sy hande in die lug. “Ons strand?! Ons strand, waarvoor jy nog nie een dag help baklei het nie. Jy kan bly. As Pikkit sê dis moeilikheid, dan maak ek myself skaars. Ek wil nie deur 'n wit duiwel opgevrete word nie. Bly jy gerus en verdedig die strand!”

Feliks draai om en begin vasberade in die rigting van die struik anderkant die duine stap.

Leo huiwer nie vir twee sekondes nie. Soos blits is hy by Feliks.

“Jy kan baie ongeduldig wees, weet jy?” sê hy verwyttend.

Feliks antwoord nie. Al sy aandag is op die veld agter die duine. Hulle sal moet skuilplek kry en vinnig ook. Hierdie dag het 'n koers van sy eie ingeslaan en hy sal moet wakker wees. Hy gaan hom beslis nie deur 'n wit duiwel laat opvreet nie. Daarvoor is hy nog heeltemal te jonk.